

19.8 RAPPORT 7: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – POTCHEFSTROOM-KAMPUS EN NWU (Artt 184, 186)

- A. Dr DJ de Kock lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
- C. Die voorsitter, dr DG Breed, verwelkom prof H van Schalkwyk, rektor van die NWU Potchefstroomkampus.
- D. Prof H van Schalkwyk antwoord enkele vrae deur afgevaardigdes aan hom gerig.

E. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 Briewe en e-posse aan Kerkrade gestuur word waarin verbondsouers aangemoedig word om hul kinders na die NWU Potchefstroomkampus te stuur om te help verseker dat Gereformeerde waardes gehandhaaf en uitgebou word (Acta 2012:233, 3.1).
- 1.2 Die te benoeme CO Deputate kry opdrag om met die Rektor van die Potchefstroomkampus van die NWU, prof HD van Schalkwyk, en verteenwoordigers van die Senaat en Fakulteite te onderhandel oor die vestiging van 'n leerstoel in Filosofie ten opsigte van Christelike Reformatoriese wetenskap asook 'n navorsingsprojek oor Reformatoriese Onderwys deur die Fakulteit Opvoedingswetenskappe (Acta 2012:233, 3.2).
- 1.3 Die Sinode ten opsigte van die uitvoering van bogenoemde, finansiële betrokke raak (Acta 2012:233, 3.3).
- 1.4 Die Sinode ouers, in die lig van die feit dat die NWU die enigste universiteit in die land is wat volgens die statuut waardegedrewe is, aanmoedig om hulle kinders na die NWU te stuur (Acta 2012:233, 3.4).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Uitvoering van die opdrag:

Ten opsigte van opdragte 1.1 en 1.4 voer die Deputate die opdragte uit deur middel van omsendskrywes wat van tyd tot tyd aan Kerkrade gestuur word en artikels wat in kerklike blaaië verskyn.

Ten opsigte van opdrag 1.3 het die Sinode besluit om nie finansiële betrokke te raak nie (Acta 2012:233,3.4)

Wat opdrag 1.2 betref, is daar twee besoeke aan die NWU Potchefstroomkampus gebring. Oor die besoeke word soos volg gerapporteer:

2.1 *Besoek op 25 Junie 2013*

Drie van die CO-deputate naamlik: Dr DJ de Kock (s), br MAL Linde en prof PJ Mentz het op 25 Junie 2013 'n besoek aan die Rektor, prof HD van Schalkwyk gebring.

Tydens die besoek is die volgende sake bespreek:

- 2.1.1 Van die Deputate se kant is daar aan die Rektor die versekering gegee dat daar, onder andere op grond van die historiese band asook langdurige verbintenis, 'n baie positiewe gesindheid van die Gereformeerde Kerke teenoor die Universiteit bestaan.
- 2.1.2 Hy is ook daarop gewys dat die Kerke opgeroep word om voortdurend die Universiteit in gebed aan die Drie-Enige God op te dra.
- 2.1.3 Uit die gesprek het dit duidelik geword dat die Universiteitsbestuur voortdurend erns maak met die waardegedreweheid van die Universiteit. Dit blyk onder andere uit die feit dat prof RH Fick uit die gelede van die Gereformeerde Kerke en Teologiese Skool Potchefstroom as studentedekaan aangestel is. Die Rektor het groot waardering vir die werk wat Prof Fick doen.

Verder is Prof Kobus van der Walt (Omgewingswetenskappe) aangestel om die wetenskapsleer (voorheen Interfakultêre Wysbegeerte) modules te hersien en verder te ontwikkel. Die Rektor nooi die Deputate om met prof Kobus van der Walt te skakel sodat die Deputate in samewerking met die Fakulteit Teologie ook insette in die verband kan lewer.

- 2.1.4 In die lig van die feit dat die Sinode nie bereid was om 'n finansiële bydrae te maak vir die vestiging van 'n leerstoel in Filosofie vir Christelik Reformatoriese Wetenskap nie (vgl Besluit in Rapport van 2012), kon die Deputate nie hierdie saak verder voer nie.
- 2.1.5 Daar sal egter wel verder aandag gegee word aan die moontlikheid van 'n navorsingsprojek ten opsigte van Christelik Reformatoriese Onderwys deur die Fakulteit Opvoedingswetenskappe. 'n Opvolg gesprek in die verband kan moontlik gevoer word.
- 2.1.6 Die Rektor lig van sy kant die Deputate in oor druk wat die NWU veral vanuit regeringskringe kry waardeur die Afrikaanse karakter van die Universiteit onder verdenking geplaas word. Daar kom selfs beskuldigings van rassisme en bevoordeling van die NWU ten opsigte van bepaalde groepe. Dit word gevolglik in verskeie opsigte 'n fyn politieke spel wat met groot omsigtigheid en wysheid hanteer moet word sodat die Universiteit steeds waardegedrewe en sover moontlik polities onafhanklik kan bly funksioneer. Om onder die huidige politieke bestel en politieke klimaat juis dit reg te kry, verg groot omsigtigheid en wysheid. In die lig hiervan het die bestuur en personeel van die Universiteit ons as kerke se voortdurende voorbidding en aktiewe ondersteuning nodig.
Hierdie druk het die afgelope jaar (2014) geweldig toegeneem na die negatiewe beriggewing in die pers oor sogenaamde ontgroening- of oriënteringspraktyke asook die daaropvolgende Wesselsverslag. Die ANC regering het die geleentheid gebruik om verdere druk toe te pas in 'n poging om die Christelike en Afrikaanse karakter van die Potchefstroomkampus van die NWU verdag te maak en selfs te verander om by die ANC se politieke agenda aan te pas.
- 2.1.7 Tydens die gesprek was daar 'n gedeelde gevoel van kommer oor ons jeug se roekelose optrede op sosiale gebied. Dit blyk onder andere duidelik uit misbruik van drank. Daar is 'n ontstellende diskrepansie tussen dit wat vele jongmense enersyds ten opsigte van hulle Christenskap bely en wat hulle andersyds in die praktyk uitleef. In die opsig het die kerke 'n groot verantwoordelikheid om die jeug op die regte pad te lei en terselfdertyd ouers ook te wys op hulle verantwoordelikheid en op die voorbeeld wat hulle moet stel.

2.2 *Besoek op 17 September 2013*

In opvolging van die eerste besoek aan die NWU (Pukkampus op 25 Junie 2013), het die werkgroep van die Deputate Christelike Onderwys belas met die samewerking tussen die Kerk en die Universiteit, op 17 September 2013 op uitnodiging van die Rektor met prof Kobus van der Walt (voorheen van Omgewingswetenskappe) ontmoet. Die doel van die gesprek was onder andere om inligting te bekom en te verneem hoedanig die daarstelling en hersiening van modules vir die Departement Wetenskapsleer (voorheen Interfakultêre Wysbegeerte) vorder en om prof Van der Walt se insette en mening te verneem van hoe hierdie vakinhoud ontwikkel kan word om die waardegedreweheid van die Universiteit te weerspieël. Die skakeling van die Deputate met prof Kobus van der Walt spesifiek was nodig sodat die Deputate in samewerking met die Fakulteit Teologie ook insette in die verband kan lewer.

2.2.1 Die verloop van die gesprek

Die gesprek het insiggewend, verhelderend en baie prakties verloop; trouens, dit het in 'n gees van welmenendheid en onderlinge toegeneentheid geskied.

2.2.2 Wetenskapsleer

Die drie lede wat namens die Deputate opgetree het, het uit die bespreking diep onder die indruk gekom van die gesindheid en erns van die dosente aan die Universiteit om tog op 'n gefokusde wyse die waardegedreweheid van die Universiteit tot sy reg te laat kom. Onder leiding van die Senaatskomitee vir Filosofiese Begronding is die Fakulteite almal verbind daartoe om die filosofiese grondslae van die verskillende vakke deeglik onder die aandag van die studente te bring, en dit behels veral die inhoudes rondom die wêreldbeelde, die idee van orde, sisteemdenke, ens. Dit geskied deur die vakinhoudes van Wetenskapsleer onder die opskrif: "Verstaan die wêreld"-modules. Elke enkele student aan die Universiteit moet hierdie modules slaag alvorens 'n graad aan hulle toegeken word. Die religieuse begronding van elke vakwetenskap word dus deeglik verreken.

2.2.3 Die studenteprofiel aan die NWU

Uit die gesprek het ook geblyk dat daar (volgens skatting) nog ongeveer 80% van die studente aan die Universiteit uit Christelike huise kom, hoewel daar van hulle is wat al reeds 'n "losserigheid" vertoon so ver dit die Kerk en kerkbywoning aangaan. Die feit is ook genoem dat minder as die helfte van die kinders wat in die GKSA gedoop word, uiteindelik belydenis in die GKSA aflê. Dit is onrusbarende inligting, en die vraag kan gevra word of die Kerk, en by name die predikante van die GKSA, nog met vrymoedigheid die lidmate, wat die ouers is van die studente, kan aanspoor om hulle kinders na die NWU te stuur. Is die NWU 'n universiteit met 'n ander onderbou/tradisie"? Word die Christelike waardes nog regtig op die kampus uitgeleef? Waarom sou die predikante van die GKSA nog ouers aanmoedig om hulle kinders Puk toe te stuur? Wat doen/bied die Universiteit wat "anders" is as wat op enige ander kampus in Suid-Afrika gedoen word?

2.2.4 Belangrike Vrae

Die vrae wat tydens die gesprek pertinent van die kant van die Deputate aan prof Van der Walt gestel is, was die volgende:

2.2.4.1 In die skole word daar reeds op georganiseerde vlak met Ateïsme omgegaan. Kinders kry dus vroeg daarmee te doen. Wat doen die Universiteit om hierdie tendense hok te slaan op die kampus – en dit geld ook allerlei ander "euwels" soos drank- en dwelmmisbruik, pornografie, promiskuiteit, ens?

Prof van der Walt antwoord:

Natuurlik is daar nie klinkklare antwoorde nie –

Ons probeer maar almal in alle opregtheid ons bes, en dit is die rol wat elke Predikant, elke Christenouer, Christendosent, Christenonderwyser moet vervul. Om deur opregte en ware Christenwees 'n voorbeeld te stel sonder om enigsins dwingend of afwysend op te tree en deur 'n "woorde wek, maar voorbeelde trek"-benadering almal met respek en waardigheid te behandel. Dit is die dosent se taak, en daar is nog vele dosente wat van hierdie saak erns maak. Daar word nie so veel oor Christelike waardes gepraat nie, dit word uitgeleef. Dade spreek sterker as woorde, en waar daar wel insidente sou voorkom wat kommentaar vereis, word dit van die Kerke en die belangstellende ouers verwag om navraag te kom doen, en kommentaar te lewer.

2.2.4.2 Wat maak die Puk anders as enige ander Universiteit wanneer vrae gevra word soos: "Waar gaan ek swot?" "Waar kry ek die beste beurse?" "Wat doen ek in verband met my kursus?" "Hoekom is die Puk die beste keuse?"

Prof van der Walt antwoord:

Van die Universiteit se kant af is daar verskeie meganismes wat die handhawing van die waardegedreweheid waarborg: Dit is in die Universiteit se Statute ingeskryf; daar is verteenwoordiging op die Raad van die Universiteit vir al die betrokke belangegroepes – onder die titel "gemeenskap" word die kerklike gemeenskap ingereken; en soos hierbo vermeld, is daar die Senaatskomitee wat die filosofiese begronding van elke vakwetenskap waarborg tot op elke Fakulteitsvlak.

Ouers kan betrokke raak as oud-studente op die forum van die Alumni en deur hulle verbintenis daar, sitting op die Raad en verskeie Besture verkry; so ook deur die Konvokasie inspraak verkry op die Raad en verskeie Besture; en ten slotte kan elke ouer persoonlik sy inspraak lewer deur 'n verskeidenheid van kanale soos die koshuisvaders, die Studentedekaan se kantoor, en selfs die dosente indien dit oor die akademie, ens. gaan.

- 2.2.4.3 Watter waardes, indien enige, word nog op die Puk gehandhaaf? Watter rol kan die Kerk, die lidmate/ouers speel om die Universiteit by te staan in die behoud van die waardes wat nog gehandhaaf moet word? Is daar nog 'n rol te speel?

Prof van der Walt antwoord:

Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat hierdie studente uit hulle ouerhuise na die Universiteit toe kom. Hulle kom uit huise, gemeentes, uit gemeenskappe waar hulle sekere waardes aangeleer het, en die vraag is, is dit die waardes wat hulle op die kampus kom uitleef? Weliswaar is die vryheid wat die studente nou meteens ervaar baie verleidelik, baie van hulle rebelleer of swig voor al die vreemde invloede, maar is hulle voorbereid en sterk genoeg om hierdie dinge te weerstaan? Hoe lyk hulle opvoeding? In die ouerhuis? In die Kerk?

- 2.2.5 Wat kan die kerke doen?

Wanneer die vraag dus gevra word wat die Kerke kan doen om die Universiteit te ondersteun in die behoud van waardes wat vir ons as Christene belangrik en ononderhandelbaar is, lê die antwoord hier:

- 2.2.5.1 Doen die Kerke/predikante /gemeentes genoeg om die voornemende studente voor te berei vir die lewe op die kampus?
- 2.2.5.2 Besef die studente dat die behoud van hierdie Christelike waardes afhang van die uitlewing daarvan deur die massa op die kampus? Die storie loop op die Pukkampus dat die meerderheid van die studente nog aandring op die waardes wat vir ons almal belangrik is, en hulle sê: "As ons goed genoeg is (presteer!), dan los hulle ons uit!"
- 2.2.5.3 Saamgevat: Kerke, gemeentes, lidmate, ouers, kategete, almal moet fokus en saamwerk om die voornemende studente bewus te maak van wat op hulle wag. Die waardes wat vir ons ononderhandelbaar is, moet deur hulle uitgeleef word, hulle moet daarop aandring want dit is hulle reg! En waar dit nie gebeur nie, moet die ouers/studente dit aanmeld en saam na oplossings soek. Dit gaan per slot van rekening oor die studente en die Universiteit, en les bes ook oor die Kerk se toekoms, en elkeen moet sy deel doen en sy/haar rol speel.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.5.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

- 3.1 Die Sinode deur middel van te benoeme Deputate voortgaan om langs verskillende weë ouers aan te moedig om hulle kinders na die NWU te stuur.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

- 3.2 Die Sinode sy steun aan die NWU bevestig in die lig van die historiese band wat die Universiteit met die Gereformeerde Kerkverband het.

Besluit: Goedgekeur.

- 3.3 Die te benoeme Deputate gesprek met die bestuur van die NWU in stand sal hou om hierdie bestaande band te behou en verder uit te bou.

Besluit: Goedgekeur.

- 3.4 Die Sinode weereens die ouers sowel as Kerkrade sal wys op hulle verantwoordelikheid om kinders so op te voed dat hulle op universiteitsvlak die nodige volwassenheid en verantwoordelikheid aan die dag sal lê (vgl 2.1.7 en 2.2.5).

Besluit: Goedgekeur.

- 3.5 Die Sinode die kerke oproep om enige veldtog wat poog om die NWU verder uit te bou ten opsigte van 'n Christelike etos sal steun.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).